Huiskerk

Quellerina Gemeente

# Leefkuns

# Mislukking

## Psalm 13

Het jy al ooit gevoel dat alles net verkeerd loop? Dat die hele lewe 'n mislukking is, jy inkluis? Dink aan die laaste keer toe jy so 'n ervaring gehad het. 'n Ervaring van sonder beheer wees, oorweldig deur magte buite jouself wat jou sommer in 'n gat dompel. Jy is nie alleen nie! Almal op hierdie aarde voel soms so. Die digter van Psalm 13 het ook so gevoel. Verlate, verlore, vereensaam. Hy het gevoel almal is teen hom, selfs die Here.
In sy broosheid gesels die digter met die Here. Hy skets vir Hom sy situasie, vertel vir Hom wat in sy binnekant gebeur (geen mooi npaaiwoordjies nie, maar alles wat hy ervaar, onverdun).
Uiteindelik verander sy situasie nie veel nie; alles is steeds donker en bedreigend. Maar terwyl hy met die Here praat, dien die digter iets baie belangriks: Hy onthou! Hy onthou al die kere in die verlede toe die Here hom gered het. En dit bring op 'n manier nuwe lig en hoop.

*Lees die teks stadig deur. Lees dit hardop indien moontlik.*

*Hoe pas hierdie by jou lewe in?*

*Wat kan julle as gesin uit hierdie storie neem?*

*Wat kan jy baat , sou jy hierdie "kuns" kan aanleer in jou lewe?*

***Definisie:***

***Die ervaring dat dinge skeefloop en jy beheer oor jou lewe verloor.***

***(Bybel 24/7)***

***As die lewe vandag op jou ingesak het, of as dit weer in die toekoms gebeur, onthou: Hou aan om met die Here daaroor te praat. Wees eerlik met Hom. Kla, kom in opstand, wys jou teleurstelling, op watter manier ook al. Kyk dan terug oor jou lewe, en herinner jouself aan die tye toe die Here jou in jou nood ontmoet het. Leef met nuwe hoop, omdat God getrou sal bly.***